



Week van Gebed 2020

Die kerk van Jesus Christus

Ds Dawid Mouton

VGKSA gemeente, Krönlein

Keetmanshoop, Namibië

Temas

Dag 1: Die kerk van God, met Christus as Hoof

Dag 2: Uitverkies en ewig saamgevoeg as gemeenskap van heiliges, beskerm deur God self

Dag 3: As een kerk geroep tot die bediening van eenheid en versoening

Dag 4: Saamgevoeg in die een liggaam van Christus – een, met baie lede

Dag 5: Die kerk, geroep tot die bediening van geregtigheid

Dag 6: Gestuur as getuies van die waarheid van die evangelie

Inleiding

Die week van gebed aan die begin van die jaar bied aan gemeentes geleentheid om stil te word en biddend gereed te maak vir die nuwe jaar en al die “aktiwiteite” wat voorlê. Dit is dalk ook ’n goeie tyd om ’n bietjie stil te staan en na te dink oor wie ons is en wat ons roeping is. Strategiese beplanners en besigheidsleiers weet dat daar twee vrae is waarop ’n organisasie ’n antwoord behoort te hê indien so ’n organisasie suksesvol wil wees en ’n impak wil maak. Die vrae “wie is ons?” en “hoekom is ons hier” is van kardinale belang vir ’n organisasie wat fokus wil behou en realisties en relevant wil droom. Hierdie vrae het te make met identiteit en doel. In die kerk praat ons van identiteit en roeping.

Enige gemeenskap van gelowiges behoort voortdurend seker te maak dat ons hierdie twee vrae eerlik en opreg kan beantwoord. 'n Gemeenskap moet daarom ook besin oor hoe dit ons aard, roepingsverstaan en bedieninge beïnvloed en stuur. Dit val mens dikwels op hoe die kerk (op alle vlakke) enorme hoeveelheid energie en tyd bestee aan die wetlike aspekte en “korrektheid” van wat in die kerk behoort te gebeur. Soms word bitter min tyd en energie spandeer om te probeer verstaan wie God bedoel het ons moet wees. Wanneer ons dit beter verstaan, kan ons dan vanuit daardie verstaan ons tyd en energie aan ons roeping gee. Om behoorlike en deurlopende nadenke oor ons identiteit en roeping af te skeep, lei noodwendig tot die afwesigheid van bevredigende, vernuwende en groeiende bedieninge.

Een manier waarop ons onself verstaan en na onself verwys, is dié van “belydende kerk”. Ons glo dat ons ons geloof bely op grond van ons verstaan van die Heilige Woord en veronderstel dat dit dan ons wese en geloofslewe as kerk rig. Binne ons susterkerke vorm

die drie formuliere van eenheid, naamlik die Dordtse Leerreëls, die Heidelbergse Kategismus en die Nederlandse Geloofsbelydenis, ons belydenisbasis en vat dit saam wat ons glo oor 'n aantal kwessies wat vir ons geloof belangrik is. Die Belydenis van Belhar, wat ook deel van die belydenisbasis van die VGKSA vorm, verryk hierdie belydenisbasis verder en plaas veral die klem op die tasbare uitleef van eenheid, versoening en geregtigheid. Dit is verbasend hoeveel lidmate nie meer veel aandag skenk aan hierdie belydenisse van ons kerk nie. Daar mag verskeie redes hiervoor wees, maar dis nie nou hier ter sake nie.

Gedurende die Week van Gebed 2020 wil ons graag kyk, aan die hand van ons belydenisskrifte, wat dit is wat ons oor die kerk glo en bely. Ons wil die geleentheid skep vir gemeentes om weer saam na te dink oor die identiteit (wie is ons?) en die roeping (hoekom is ons hier?) van die kerk. Hoewel die bedoeling is dat hierdie nadenke aan die hand van ons belydenisskrifte gedoen word, is dit belangrik om te beseef dat hierdie nie bedoel is om 'n volledige hantering van die temas of die belydenisskrifte te wees nie. Daar is soveel te sê, en hierdie riglyn gaan slegs sekere aspekte aanraak en dan ook nie in volle diepte nie. Vir diegene wie se belangstelling hierdeur geprikkel word, kan hierdie riglyn as beginpunt van dieper studie dien, in sowel persoonlike as gesamentlike prosesse. Dit sal wel van waarde wees om tog, in die voorbereiding vir die Week van Gebed, die betrokke gedeeltes uit die belydenisse saam met die teksgedeeltes te lees.

Mag die Here ons gesamentlike nadenke, gebede en gevolglike verwagtinge rig en seën, en mag die drie-enige God – Vader, Seun en Heilige Gees – hierdeur verheerlik word.

Algemene benadering en struktuur

Elke oordenking sal verband hou met 'n bepaalde Skrifteks of -tekste. Vir elke dag se oordenking sal die struktuur van die riglyn min of meer die volgende vorm aanneem:

- Ons glo ... Hier word uit die belydenisskrifte aangehaal en sover moontlik die verwysing binne die skrif gegee.
- Ons verstaan ... Hier word gepoog om te probeer verduidelik hoe die teks en belydenis-aanhaling moontlik verstaan kan word.
- Ons roeping, hier en nou ... Hier word gepoog om bogenoemde te verbind met ons huidige konteks en uitdagings.
- Ons belof ... Hier kry ons geleentheid om ons opnuut te verbind om wat ons glo en bely tasbaar en tot eer van die Here te leef.
- Ons bid saam ... Hier bely ons daagliks ons onvermoë in die lig van die behandelde gedeelte, dank God vir dit wat ons kan bely en bid vir verwante sake.

Daar word van afkortings gebruik gemaak om na die belydenisskrifte te verwys:

HK – Heidelbergse Kategismus

DL – Dordtse Leerreëls

NG – Nederlandse Geloofsbelydenis

BB – Belydenis van Belhar

(Indien 'n gedrukte weergawe van die Belydenisskrifte nie beskikbaar is nie, kan dit afgelaai word by: <https://www.kerkargief.co.za/formuliere/>)

Dag 1: Die kerk van God met Christus as Hoof

Efesiërs 1:10:–13; 20–23; 4:15–16; Kolossense 1:15–18

1. Ons glo ...

Die kerk behoort aan God en Hy regeer sy kerk deur Jesus Christus, die Hoof van die kerk.

[HK – Vraag 50 en Vraag 54; DL – Hoofstuk 1, punt 9; NG – Artikel 27; BB – Artikel 1 en 5]

2. Ons verstaan ...

Ons bely en verstaan dat die kerk tot stand gekom het alleen deur die genade en liefde van God. Dit is God wat gekies het om gelowiges uit te kies, af te sonder en te versamel deur sy liefde. Deur die redding in Christus Jesus en die beseëling deur die Heilige Gees, het ons deel geword van die volk van God. Van die begin af was dit die bedoeling van God dat alles en almal onder een hoof sou verenig. Alles en almal is deur God aan Christus onderwerp en so het God Christus dan ook as enigste hoof van sy kerk aangestel. Daarom kan die kerk aan geen ander behoort as aan God nie, en ook deur geen ander as God alleen regeer word nie. As verbondsvolk behoort ons tog aan niemand anders as aan God nie.

Ons gelese gedeeltes lê onder andere klem op drie sake: (1) God se beslissing van die begin af dat Christus die hoof oor alles en almal sal wees, en veral oor God se volk; (2) deur die verlossingswerk van Christus word ons deel van God se volk; en (3) dat hierdie liefdevolle, genadige handeling van God om sy kerk in en deur Christus tot stand te bring, te alle tye geloof en geprys moet word.

Dit is nie genoeg dat ons net hiervan lees of praat nie. Ons moet dit glo, inneem en daaraan vashou. Dit is immers die kern van ons identiteit. Ja, ons diepste identiteit lê in die waarheid dat ons aan God behoort, aan God se heerskappy onderwerp is en in en deur God se liefde bestaan. Ons kan dit egter ook nie net as vanselfsprekend aanvaar sonder om te besef dat ons bestaan as volk van God 'n onbeskryflike offer van God se Seun geëis het nie. As ons dit nie begryp en na waarde skat nie, mag ons dit dalk net maklik langs die pad verruil vir iets anders.

Hoe dikwels word beplanning, bediening, bestuur en verhoudings in die kerk nie geskoei op die idee dat mense tog al te graag glo dat hulle die eintlike gesag in die kerk is nie? Hoe dikwels word die agenda van die kerk nie juis gedryf deur posisie, geld of alliansies nie? Alles asof dit wat in ons gelese gedeeltes staan geen krag of gesag meer het nie. Asof dit nie deel van God se tydlose waarheid is nie! Dit gebeur maklik dat die kerk van God deur manne en vroue met gesag gekaap kan word. Net so sien mens daagliks hoe politiek, tradisie, familie prominensie, sosiale oorwegings en vele ander oortuigings die identiteit en roeping van die kerk ondermyn.

Paulus herinner ons dan hier dat Christus die Here is, die enigste Hoof van die kerk. Hom alleen moet ons eer, aanbid en volg.

3. Ons roeping, hier en nou ...

Dit is belangrik om te verstaan dat ons roeping, hier en nou, ten nouste saamhang met ons verstaan van ons identiteit. Eers wanneer ons dit verstaan en verwelkom, begin ons roeping duidelik raak. Paulus moedig ons aan om hierdie kernaspek van ons identiteit te glo en aan te neem: ons behoort aan God in Christus Jesus, die Hoof van die kerk. Verder spoor Paulus ons aan om God in sy grootheid te prys, in God te glo, in liefde by die waarheid te bly, na Christus toe te groei en om die liggaam ter wille van mekaar op te bou.

Dit is dalk nie so maklik om in ons omstandighede vandag hierdie identiteit te leef nie. Daar is soveel wat ons aandag hiervan aflei, soveel leringe wat ons begrip hiervan verwar en soveel uitdagings wat ons geloof hieroor uitdaag, dat dit soms bykans onmoontlik is om aan hierdie waarheid vas te hou en daarvolgens te leef. Tog lê ons hoop juis daarin dat, ten spyte van ons eie ongeloof, dit deur God se handeling is dat ons hierdie waarheid kan ken en deel daarvan kan wees. Deur die Gees van God, die Heilige Gees, is ons identiteit as 'n "volk wat aan God behoort" beseël.

Juis daarom kan ons regering in die kerk nie gesetel wees in posisies en strukture nie. Hierdie dinge is bloot funksioneel. God is ons regering.

4. Ons belof ...

Wat staan ons dan nou te doen? Waartoe dring hierdie waarheid ons nou? In die lig hiervan is daar eintlik maar een ding om te doen, en dit is om laag te buig onder die hoofskap van Christus en te bely dat ons aan God behoort.

Daarom bely ons weer:

- Here God, U het ons uitgekies en saamgevoeg as u kinders onder die heerskappy van Hom wat sy lewe vir ons afgelê het, Jesus Christus, u Seun.
- Ons verbind ons tot U in Christus Jesus, deur u genade en deur die werk van u Heilige Gees en u Woord.
- Ons bely dat ons verknogtheid aan wette, posisies en strukture ons oordeel vervaag en ons in die versoeking lei om soms u heerskappy te wil sistap.
- Ons belowe om alle ander maniere om na onself te kyk, eenkant toe te skuif en ons weer te sien as God se volk wat aan God behoort.
- Ons belowe om self nie hierdie hoofskap van U vir ons te wil toe-eien nie.
- Ons belowe om nie ander te behandel of in die kerk so op te tree asof ander mense of die kerk aan ons behoort en onder ons heerskappy staan nie.
- Ons belowe om biddend, en tog beslissend aktief, elke mag en handeling wat hierdie waarheid misken, af te wys, teen te staan of daaroor verwarring te bring.
- Ons belowe om U die drie-enige God aan wie ons behoort daagliks met ons lewe te eer en U lof voortdurend te besing.
- Ons onderwerp ons aan u gesag – nou en elke dag.

5. Ons bid saam ...

- Ons dank God dat ons aan Hom mag behoort.
- Ons bely dat ons soms maak asof die mag en gesag oor die kerk aan ons behoort.
- Ons bid dat ons hierdie waarheid dat ons God s'n is, sal glo en vir ons sal aanneem.
- Hoe lyk die gesag en heerskappy in ons eie lewe?
- Ons bid dat hierdie waarheid al sterker in ons kerkwees en ons persoonlike lewe sigbaar sal word.
- Ons onderwerp ons biddend aan die heerskappy van Christus en bid dat die kerk hier en nou hom al meer hieraan onderwerp.

- Ons bid dat ons benadering tot kerkwees en ons bediening vir hierdie jaar die eienaarskap en heerskappy van God sal verkondig, selfs al is dit moeilik vir ons om van ons eie idees afstand te doen.
- Ons bid dat die heerskappy van God in Christus elke sfeer van ons samelewing sal oortrek.
- Ons bid dat hierdie heerskappy van God nie net in die kerk nie, maar ook in die politiek, ekonomie en ander dele van die samelewing toenemend gevestig sal word.
- Ons vra dat God ons help om in ons beloftes getrou te wees.

Dag 2: Uitverkies en ewig saamgevoeg as gemeenskap van heiliges, deur God self beskerm

Johannes 10:28–30; Romeine 8:29–39; Romeine 9:29; Efesiërs 1:4–14;

1. Ons glo ...

Deur sy Gees en Woord het God gelowiges uitverkies en saamgevoeg in een liggaam. Dit het God gedoen deur die bloed van Jesus Christus. Dit is die gevolg van God se ewige liefde. As gemeenskap van gelowiges, uitverkies en saamgevoeg deur God, bestaan die kerk van die begin van die skepping af en sal die kerk vir ewig bestaan, want God self bewaar die kerk as gemeenskap van gelowiges, 'n gemeenskap van heiliges.

[**HK** – Vraag 54; **DL** – Hoofstuk 1, punt 7, Hoofstuk 2, punt 9, Hoofstuk 5:15; **NG** – Artikel 27 en 28; **BB** – Artikel 1 en 2]

2. Ons verstaan ...

Wow! Hoe bevoorreg is ons nie? Nie net het God ons, sy kerk, uitverkies en saamgevoeg nie, maar daardeur ons die ongelooflike en onverdiende voorreg gegee om wel eendag gelykvormig te wees aan die “beeld van sy Seun” en Christus se broers en susters te wees. Kan dit wees! As uitverkore kinders van God beloof die Woord aan ons vryspraak, en “dié wat Hy vrygespreek het, het Hy ook verheerlik” (Romeine 8:30). Hierdie salige uitverkiesing – hierdie afsondering tot een gemeenskap van gelowiges en heiliges – is gegrond in die bloed van Jesus en word deur die Heilige Gees self beseël en gewaarborg. So word ons God se volk, soos Hy reeds vooruit al bestem het. Wat 'n ongelooflike geskenk!

Om deel van hierdie uitverkore gemeenskap van heiliges te wees, beteken ook dat Christus aan ons die ewige lewe gegee het (Johannes 10:28). Niks sal dit kan wegneem nie. Niks behoort ons eintlik eens daarin te laat twyfel nie. In Romeine 8:33–35 benadruk Paulus juis hierdie sekerheid dat wanneer God in Christus ons vrygemaak het, daar geen aanklag en veroordeling meer teen ons gehou kan word nie. Die opgestane Here pleit voortdurend vir ons by God ons Vader. Hier word die belofte van Johannes 10:28–30 bevestig dat Christus nie sal toelaat dat sy kinders verlore sal gaan nie. Hy weet dat niemand hulle uit die hand van die Vader kan ruk nie. Die wat die Vader Hom gegee het, is immers “die belangrikste van almal”. Niks of niemand kan ons van hierdie liefde van God kom skei nie. Wat 'n wonderlike en salige sekerheid om te hê. Nie net is ons alreeds van voor die skepping van die wêreld uitverkies nie, maar ons word ook tot in ewigheid bewaar. Dit is God self in Christus Jesus wat dit doen. Hoekom sal God dit nie wil doen nie? In Romeine 8:32 voer Paulus die argument dat God, wat sy eie Seun ter wille van ons nie gespaar het nie, tog nie enige ander van die genadegawes van ons sal weerhou nie. Hoe sou Hy dan so 'n hoë prys betaal vir ons as ons ewige behoud nie saak maak nie?

In die lig van ons teksgedeeltes kan ons nou nie anders as om na onself as uitverkore, verlose en heilige kinders van God te dink nie. So word ons identiteit verder verryk en versterk. Nie net behoort ons aan God nie, maar ons is die verlose gemeenskap van heilige gelowiges onder die ewige beskerming van ons God. Wat 'n versekering en bemoediging is dit nie!

3. Ons roeping, hier en nou ...

Daar is wel iets wat ons nie in ons gelese gedeeltes moet miskyk nie. In Efesiërs 1:13 noem Paulus iets waarby ons tog 'n bietjie moet stilstaan. Hier lees ons dat, te midde van God se genadige uitverkiesing, ons tog hierdie waarheid en voorreg kan mis as ons nie tot geloof kom wanneer ons die evangelie van verlossing hoor nie. Die belofte is daar. Die versekering word gegee. En God se Woord is betroubaar. Tog sê Paulus hier aan die gemeente in Efese dat hulle, toe hulle tot geloof gekom het by die aanhoor van hierdie waarheid deel van God se volk geword het. Vir sommige van ons is dit nog nodig om tot hierdie geloof te kom. Ander weer, moet onthou dat hulle in 'n stadium tot hierdie geloof gekom het, maar daarvan weg beweeg het. Dis nou weer ons kans om hierdie waarheid in geloof aan te neem en te bevestig. Dis absoluut nodig dat ons dit doen, anders beteken dit een van drie dinge: (1) ons glo nie werklik wat ons hier geles het nie, of (2) ons twyfel daaraan as gevolg van dinge wat oor ons pad gekom het, of (3) ons besef nie dat hierdie waardevolle skat teen 'n hoë prys gekom het en daarom maak ons die genade goedkoop deur nie daarop te reageer nie.

Ons uitverkiesing het verdere implikasies vir ons as kerk. Om heilig te wees, is om afgesonderd te wees – afgesonderd vir God en vir die roeping en doel wat God vir ons ingedagte het. In Efesiërs 1:4 sê Paulus dat die doel van God se uitverkiesing is om heilig en onberispelik voor God te leef. Dit sou impliseer dat ons, as gemeenskaplike kerk en as individue, tot eer en lof van God, ons daaglikse lewe so sal lei dat geen blaam teen ons ingebring kan word nie. Om heilig en onberispelik te leef vra van ons om vas te hou aan ons redding sodat ons die versoeking om te sondig kan weerstaan. Dit vra ook van ons om op morele en etiese vlak so te leef dat ons lewe en ons verlossing in Christus bo verdenking sal staan.

Verder het dit ten doel om hierdie stukkie goeie nuus tasbaar aan ander te bring wat nog nie die boodskap van verlossing ontvang het nie. Daarom kan die kerk van die Here en sy kinders nie geassosieer word met enigiets wat net eie belang en die guns van die wêreld najaag nie. Genadiglik is ons nie hierin alleen nie. Die Woord belowe dat God ons sal beskerm. Tog moet ons versigtig wees om ons nie in situasies, verhoudinge en plekke te bevind waar ons self onder God se beskerming uit beweeg nie. Dit is noodsaaklik dat ons daaglik herinner word dat ons identiteit in God se uitverkiesing, verlossing en afsondering lê. Ons het niks anders nodig om ons waarde te bevestig nie. Ons het nie nodig om enigiets te doen wat teen die wil van God is net sodat ons aanvaar kan word nie. Ons is uitverkore, “die belangrikste van almal” vir ons Here Jesus Christus.

Laastens beteken hierdie saam-gevoegwees ook dat ons nie maar net 'n eenkant “ek en my Here by die huis” geloofsluwe kan beoefen nie. Dit was God se doel dat ons as 'n gemeenskap in Christus sal bestaan. My afwesigheid of sporadiese teenwoordigheid in die gemeentelewe kan dus onmoontlik 'n kragtige getuie van hierdie saam-gevoegwees as gemeenskap van gelowiges wees. Ons is saamgevoeg en dien God ook saam.

4. Ons belofte ...

Ons bely:

- Here God, U het ons uitgekies en saamgevoeg as u kinders onder die heerskappy van Hom wat sy lewe vir ons afgelê het, Jesus Christus, u Seun.
- Ons verbind ons tot U in Christus Jesus, deur u genade en deur die werk van u Heilige Gees en u Woord.
- Ons belowe om as afgesonderdes vir U heilig en onberispelik te leef en sodoende die boodskap van verlossing deur ons leefwyse te verkondig.
- Ons belowe om nie deur programme en wêreldse agendas gedryf te word nie, maar dat ons ons ware roeping sal verstaan in die aard van ons identiteit – God s'n, uitverkies, afgesonder, heilige gemeenskap van gelowiges.

5. Ons bid saam ...

- Ons dank God dat ons aan Hom mag behoort, uitverkies, afgesonder en saamgevoeg as gemeenskap van gelowiges.
- Ons dank God dat dit Hy is wat geloof in ons werk en ons geloof staande hou.
- Ons bely dat ons dikwels ons identiteit en aard vergeet en dan leef soos mense van die wêreld wat nog nooit die verlossing ontvang het nie.
- Ons bely dat ons dikwels nie onderskei kan word van die wêreld nie, omdat ons dikwels leef, werk en gemeenskap handhaaf volgens wêreldse verwagtinge en standaarde.
- Ons vra God om ons te help om elke dag meer in die waarheid van Sy Woord en volgens ons ware identiteit te leef.
- Ons bid dat dit ons kerkwees sal bepaal en dat ons benadering tot kerkwees en ons bedieninge vir hierdie jaar ons karakter as 'n heilige gemeenskap van gelowiges sal bevestig.
- Ons vra dat God ons help om in ons beloftes getrou te wees.

Dag 3: Een kerk geroep tot die bediening van eenheid en versoening

Matteus 5:9; 1 Korintiërs 5:17–21; Efesiërs 2:11–22; 4:1–4; Filippense 2:1–4

1. Ons glo ...

Die kerk wat uit die genade van God in Christus tot stand gekom het, is een, algemene kerk wat bestaan in die eenheid van die geloof. Hierdie een, algemene kerk is nie beperk tot plek, tyd of persoon nie, maar bestaan oor die hele aarde en oor alle tye heen. Hierdie eenheid is bewerk deur die versoeningswerk van Christus en is sowel 'n gawe as 'n opdrag aan die kerk. Daarom word die kerk geroep tot die bediening van versoening en die aktiewe strewe na 'n sigbare eenheid.

[HK – Vraag 54; DL – Hoofstuk 2, punt 9; NG – Artikel 27; BB – Artikel 2]

2. Ons verstaan ...

Christus se sterwe aan die kruis het elke moontlike skeiding tussen ons kom afbreek. Enige skeiding wat steeds bestaan, is mensgemaak en nie in lyn met die hart van die evangelie nie.

In die liggaam van Christus word almal saamgevoeg, ongeag ras, geslag, nasionaliteit, taal, sosiale of ekonomiese klas, of watter kategorie van onderskeid daar ook mag bestaan. Hierdie afbreek van grense en die bymekaarbring van mense is in die hele aardse bediening van die Here Jesus sigbaar. Kyk maar hoe Hy Hom min steur aan sosiale norme en verwagtinge, maar eerder sy fokus plaas op die hart en eer van God en die nood en redding van die mense. Hy is ons vrede en het self ook die “goeie boodskap van vrede gebring” (Efesiërs 2:17).

Vir Paulus is hierdie eenheid van die liggaam van Christus uiters belangrik. Hy benadruk voortdurend die eenheid in en met Jesus Christus, en roep telkens die gemeentes op om hierdie eenheid na te streef en sigbaar uit te leef. Ook die Here Jesus bid in Johannes 17:21 indringend vir die eenheid van sy volgelinge, sodat die wêreld kan glo. Paulus se motivering vir sy oproep tot eenheid is heel eenvoudig: “Daar is net één liggaam en net één Gees, soos daar net één hoop is waartoe God julle geroep het. Daar is net één Here, één geloof, één doop, één God en Vader van almal: Hy wat oor almal is, deur almal werk en in almal woon” (Efesiërs 4:4–6).

Christus het deur sy dood ’n einde aan vyandskap gebring, en versoening tussen mense en tussen God en die mens bewerk. Hy is ons vrede. Daarom kan Paulus vra dat die gemeente van die Here in Efese hulle moet toespits op die eenheid wat deur die Gees onder hulle gesmee is. Kinders van die Here wat die eenheid nastreef, leef in vrede met mekaar. Volgens Matteus 5:9 word kinders van God juis onderskei as vredemakers. Ja, ons as susters en broers, familieleden in die huishouding van God, word eintlik geen keuse in hierdie saak gegee nie.

3. Ons roeping, hier en nou ...

Tog gebeur dit dat kinders van die Here soms konflik en geskeidenheid beleef, wat die redes ook al mag wees. Ja, ook die kinders van die Here baklei soms hard en vuil. Voeg daarby nog ook die verdeeldheid in die wêreld, die gedurige opswepery en verdagmakery in die samelewing, die konstante klem op ons verskille en die eie-gerigte agendas wat gedurig verdeelheid en haat aanvuur. Paulus spoor ons dan juis aan om in hierdie omstandighede ons nuwe mensheid, in Christus met God en ander versoen, te omarm en om te onthou dat die bediening van versoening aan ons toevertrou is. As gesante van Christus het ons geen ander boodskap vir ’n verdeelde en gebroke wêreld nie – Christus het reeds die prys betaal vir die vrede en herstel van hierdie wêreld.

Binne die huisgesin van God, die kerk, moet ons met alle toewyding vrede, eenheid en versoening nastreef.

Vir Paulus is dit baie meer as net woorde. Dis ’n lewenshouding, ’n lewenswandel in ooreenstemming met die roeping wat die kerk van God ontvang het. Hy wys daarop dat eenheid bewerk en bewaar word deur beskeidenheid, nederigheid, vriendelikheid, geduld, liefdevolle verdraagsaamheid en vreedsaamheid onder die kinders van die Here. Wanneer ons dan as eensgesinde familie – een in liefde, hart en strewe – saamleef, gaan dit eerder om die belang van die ander.

Ons kan nie voortdurend van die een geveg na die ander in die kerk beweeg nie. Ons saamwees is nie bedoel om ’n slagveld vir mekaar te skep nie. Om in eenheid te leef beteken dat ons meermale die middeweg sal volg. Tog word ons ook geroep om aktief enige leer, struktuur of handeling wat die eenheid en die bediening van versoening van God se kerk wil verongeluk, vreesloos teen te staan. Ons moet ons weerhou van enigiets wat

hierdie eenheid en vrede bedreig en ons toespits om eensgesind en versoenend te leef. Self moet ons ook bereid wees om gesante en instrumente van versoening te wees.

4. Ons beloof ...

- Ons belowe om te onthou dat Christus aan die kruis ons met mekaar en met God versoen het.
- Ons belowe om te onthou dat vrede en versoening sowel 'n gawe/geskenk as opdrag is wat aan ons gegee is.
- Ons onderneem om as nuwe mens in Christus vergewensgesind, vredeliewend en versoenend te leef, juis omdat ons onthou wat ons was voordat ons in Christus verlossing gevind het.
- Ons sal ons meer toelê op onderlinge vrede en versoening.
- Ons sal streef om groter gestalte te gee aan ons geestelike en strukturele eenheid as kerk van die Here Jesus.

5. Ons bid saam ...

- Ons dank God dat ons in Christus Jesus met Hom en met ander versoen is.
- Ons eer God vir sy Gees wat ons in eenheid saambind.
- Ons bely dat dit dikwels net om ons eie belange gaan. Ons vergeet dat ons in Christus vrygemaak is en dan vergeet ons dat ons sowel die gawe en opdrag as die bediening van vrede en versoening ontvang het.
- Ons vra God om aan ons uit te wys waar ons nog nie vergewe het nie, waar ons nog die eenheid bedreig, waar ons nog moet versoen. Ons vra dan ook dat Hy ons hierin sal help en lei.
- Ons bid vir groter eenheid in sy kerk – binne gemeentes, binne elke susterskerk, tussen die susterskerke en vir die algemene kerk oor die hele aarde.
- Ons vra God om ons te wys hoe ons hierdie opdrag van vrede en versoening by ons gemeentebedieninge kan integreer.

Dag 4: Saamgevoeg in een liggaam van Christus – een met baie lede

1 Korintiërs 12:4–31; Filippense 2:5–8; Efesiërs 4:11–13

1. Ons glo ...

Die kerk is die samevoeging van gelowiges, almal saam en elkeen afsonderlik, as lede van die een liggaam van Christus, geseënd met bepaalde gawes, gewillig om mekaar in liefde en vreugde te dien, tot nut en saligheid van mekaar en tot eer van die Here.

[HK – Vraag 54 en Vraag 55; DL – Hoofstuk 2, punt 9; NG – Artikel 28; BB – Artikel 2]

2. Ons verstaan ...

Paulus gebruik onder andere die beeld van die liggaam om die aard van die kerk te beskryf. Soos die menslike liggaam verskillende lede het wat saamgevoeg is in een liggaam, net so bestaan die kerk as liggaam van Christus ook uit baie lede. Hierdie lede is elk geseën met bepaalde gawes en aan elkeen word 'n bepaalde doel en taak gegee. Elke lid se aard, gawe

en doel is so ontwerp dat die lede mekaar komplementeer en ondersteun sodat die liggaam volgroeid is en behoorlik funksioneer. So het elkeen in die gemeente van die Here gawes, talente, 'n passie, tyd, geld of ander geskenke van die Here ontvang vir diens aan mekaar en God. Die gawes van elke lid dien tot voordeel van die ander lede. Elkeen is dus op sigself ook 'n geskenk aan die liggaam en aan mekaar en het mekaar nodig. Dit was God se wil om ons so saam te voeg en aan mekaar as geskenk te gee.

Die samestelling en roeping van die liggaam van Christus is die werk van die drie-enige God self. Paulus sê in 1 Korintiërs 12:4–6 dat die Heilige Gees aan God se kinders hul gawes gee, dat die Here self die opdrag aan elke lid gee en dat kragtige werking deur hierdie gawes deur God tot stand gebring word. Elke lid en die gawes waarmee elkeen geseën is, kom natuurlik net tot volle reg wanneer die liggaam in eenheid bestaan en funksioneer. Hierdie eenheid word 'n werklikheid wanneer die liggaam en elke lid van die liggaam, van God se Gees deurdrenk is.

Die spesiale gawes wat aan die lede gegee word, moet nie verdeeldheid tot gevolg het nie, maar eerder die eenheid versterk. Ook moet dit nie in diens van eie belang staan nie. Dit is vir die welstand en groei van die liggaam, die kerk van God. Wat ons gawe en roeping ook al mag wees, dit staan altyd in diens van God en ander, tot God se eer. In Filippense 2:5–8 vestig Paulus die aandag op die voorbeeld van Christus as maatstaf van hoe ons gesindheid in die liggaam en met betrekking tot ons roeping en dienswerk moet wees. Hy maan die kerk om dieselfde gesindheid te hê, wat ook in Christus was: nederig, dienend, opofferend en gehoorsaam aan die Vader – alles ter wille van die behoud van sy liggaam. Ja, Hy het 'n slaaf kom word vir ons, selfs vernedering verduur en die dood in gehoorsaamheid ingegaan, ter wille van die redding, eenheid en groei van sy liggaam.

3. Ons roeping, hier en nou ...

Nie net word elke lid geroep tot eenheid en toewyding aan mekaar en aan God nie, maar elkeen kry ook die opdrag om in vreugde en pyn aan mekaar deel te hê. Dit plaas 'n geweldige verantwoordelikheid op die kerk om mekaar pastoraal te versorg, mekaar te vermaan en mekaar tot die eer van God te verhef.

Verder vra hierdie verstaan van kerkwees ons om helderheid te kry oor ons gesamentlike en persoonlike roeping in die wêreld vandag. Die liggaam van Christus dien nie net mekaar nie, maar is juis ook daar om die evangelie van Jesus Christus, sy verlossing, aan die wêreld te bring deur woord en daad. Dit word moontlik wanneer ons ons toelê op die “beste” genadegawes wat God ons geskenk het. Almal kan nie alle gawes hê nie. Een lid kan onmoontlik die hele liggaam vorm. Wanneer elkeen sy/haar gawes ontdek, helderheid kry oor sy/haar roeping en in nederige gehoorsaamheid Christus daarin volg en dien, dan kom die liggaam tot sy ware reg. Eers dan kom die ware eenheid na vore. Slegs dan is ons in staat om 'n geloofwaardige getuigenis van God se liefde vir hierdie wêreld te wees. Wanneer ons dit nie doen nie, ly die liggaam onder jaloesie, disfunksionaliteit, verwarring en uiteindelik verbrokkeling.

Om erns te maak met die realiteit van verskillende gawes en opdragte vir elke lid is om dan ook weer te besin oor hoe ons struktureel en in terme van ons bedieninge dink en onself organiseer. Die bestaanswyse en funksionering van die kerk word in die eerste plek nie deur strukture bepaal nie, maar deur sy identiteit en roeping. Dit kry effek deur die samestelling en aard van die liggaam en elke lid wat die liggaam voltooi.

Een ding moet ons tog mooi verstaan en mekaar help om te onthou: die kerk behoort aan God, Christus is die enigste Hoof en daarom bestaan en funksioneer die kerk tot eer van Hom in die strewe om na Hom toe te groei. Dit gaan daarom nie oor kerk op sigself nie, maar eerder oor die God van die kerk en oor die liggaam van Christus wat deur die Gees saamgevoeg is.

4. Ons beloof ...

- Ons verbind onself opnuut tot die eenheid en onderlinge verbintenis as lede van die liggaam van Christus.
- Ons belowe om opnuut biddend sekerheid te kry van ons gawes en roeping om God en mekaar in liefde te dien, tot God se eer en tot redding van ander.
- Ons belowe om oor ons daaglikse lewe na te dink en eerlik te besin oor ons plek en rol in die liggaam en sal ons op ons beste genadegawes toelê. Ons kan nie alles wees nie. Ons het mekaar nodig.

5. Ons bid saam ...

- Ons dank God dat ons een in sy liggaam kan wees.
- Ons dank God vir sy genadegawes wat ons so ryklik ontvang.
- Ons dank God dat Hy ons, as gebroke en onvolmaakte mense, kies om deel van sy werk hier op aarde te wees.
- Ons bid vir groter eenheid binne die liggaam van Christus – in die gemeentes, ringe, sinodes en ook ekumenies oor die aarde heen.
- Ons bid vir 'n dieper verstaan van ons gawes en roeping en vir gewilligheid en toewyding om as lid van die liggaam die kerk op te bou.
- Ons bid vir vernuwing in ons lewe en in ons gemeentes en dat ons bedieninge van hierdie vernuwing sal getuig.

Dag 5: Die kerk, geroep tot die bediening van geregtigheid

Jesaja 1:16–17; Matteus 5:34–37; Lukas 4:16–19; Lukas 6:20–26; Romeine 6:13–18

1. Ons glo ...

Dat God geregtigheid en ware vrede onder alle mense wil bring. Die kerk staan hierin onwrikbaar waar God staan, naamlik teen ongeregtigheid en by verontregtes.

[BB – Artikel 4]

Hoewel die Belydenis van Belhar die saak van sosiale geregtigheid meer eksplisiet aan die orde stel, kan mens nie aanneem dat die ander belydenisskrifte dit heeltemal ignoreer nie. Die keuse vir die hantering van sosiale geregtigheid hou hier verband met die benadering vir hierdie Week van Gebed, naamlik om na te dink oor die identiteit en roeping van die kerk.

2. Ons verstaan ...

Dat God van altyd af teen ongeregtigheid, uitbuiting en verdrukking gestaan het en steeds staan, word deur die hele Bybel verkondig. Hy is die God wat Homself openbaar as die Een

wat geregtigheid en vrede onder mense wil bring. In 'n wêreld vol onreg, verdrukking, uitbuiting, verdeeldheid en verarming staan God onteenseglik by dié wat hieronder ly.

In die getuienis oor Jesus se aardse bediening merk ons op hoedat Hy Hom telkens ontferm oor mense in nood – geestelik sowel as liggaamlik. Ons sien hoe Hy mense voed, hoe Hy hulle klee, hulle genees en hoe Hy hulle verlos. Lukas 4:18–19 stel hierdie besorgdheid van Hom oor die verlossing en versorging van mense in nood as't ware as die manifes van sy roeping en bediening.

Matteus 5:20–26 is 'n verdere illustrasie van Christus se hart wanneer dit by die nood van ander kom – dit is inderdaad 'n hartsaak vir Hom. Wanneer mens seëninge oor iemand uitspreek, dan is dit 'n hartgrondige gebed tot God om sy guns aan daardie mense te skenk. Christus se ernstige gebed is dus hier dat mense, ten spyte van hul pyn en lyding, tog die seën – die shalom – van God sal beleef.

Partykeer word hierdie agenda van geregtigheid so vergeestelik dat enige verwysing na sosiale geregtigheid as deel van God se agenda amper as onbybels beskou word. Interessant dat selfs Calvyn in sy *Institusies* (3.8.7) aanvoer dat ons arbeid nie net oor die verdediging van die evangelie gaan nie, maar ook oor die beskerming van die goeie en die onskuldige teen die werke van die bose. Daarom dat hy redeneer dat God se koninkryk ook sosiale en materiële uitdrukking sal kry. Hy waarsku egter dat dit wel los moet staan van enige politieke agenda. Sosiale geregtigheid is die saak van God en sy kerk. Die agenda daarvoor kry ons in sy Woord alleen. Enige ander vorm of benadering moet hieraan onderworpe wees.

3. Ons roeping, hier en nou ...

Soos Calvyn, roep die Belydenis van Belhar die kerk op om, op grond van die Skrif, saam met God te staan by die verontregtes en verdruktes, teen die strukture en praktyke van ongelykheid, ongeregtigheid, onderdrukking, verarming en mishandeling. Die kerk van God kan nie alleen op 'n geestelike geregtigheid staan wat die onreg in hierdie wêreld as 'n bloot politieke en sosiale knelpunt afmaak nie.

Vir God is die bediening en uitleef van geregtigheid ook die getuienis van verlossing en van 'n herstelde volk (Jesaja 1:16–17). Ook hier gaan dit oor meer as goeddoen. Dit gaan eerstens ook om die beskikking van die reg en tweedens om in vyandskap teen onreg en verdrukking te leef. Dis meer as om net te preek teen hierdie dinge. Dit vra van die kerk om te doen. Hierdie “doen” van geregtigheid het tydelike en ewige waarde. Om die waarheid te sê, volgens Matteus 25:34–46 word dit die maatstaf waarvolgens die skape van die bokke geskei gaan word. Kan ons bekostig om deur ongevoeligheid en ongehoorsaamheid ons ewige redding op die spel te plaas?

Ons leef in 'n ontsettende ongelyke gemeenskap waar geweld, mishandeling, armoede, ongeregtigheid, korrupsie, kaping van instellings en apatie die hoogty vier. 'n Gemeenskap waar diskriminasie op grond van ras, klas, gender, seksualiteit en ander oorwegings steeds aan die orde van die dag is. Hierdie tipe omstandighede het ook geheers ten tye van Jesus se koms na die aarde, en dit was te midde van al hierdie dinge dat Hy sy agenda vir sy bediening vreesloos kom uitspel het. God verwag vandag van ons dieselfde vreesloosheid in ons prediking, ons daaglikse wandel en in die bediening van die kerk. Dit is ons taak om na die wese en die weduwee om te sien. Dit is ons roeping om as eiendom van God saam met Hom en by Hom by die verontregtes en teen ongeregtigheid te staan. Deur die bediening van geregtigheid kry ons verlossing en saligmaking voller betekenis. Deur die bediening van

geregtigheid word ons eenheid versterk en verdiep. God het ons as liggaam van Christus hiervoor toegerus deur ons met 'n magdom van gawes te seën. Wanneer Hy dus vra dat ons hierin by Hom sal staan, maak God dit ook vir ons moontlik om dit te doen.

Dit is die kerk se profetiese roeping om deur woord en daad tot op die hoogste vlakke van die politieke en die ekonomiese strukture hierdie boodskap van reg en geregtigheid te bring. Dit is haar roeping om hierdie stelsels te help transformeer tot instrumente van groter geregtigheid. Die kerk moet egter waaksaam wees om self nie meegesleur te word deur die agendas van hierdie strukture nie.

4. Ons beloof ...

- Eerstens is dit seker nodig dat ons teenoor God bely dat ons soms afgestomp geraak het wanneer dit kom by sake van ongeregtigheid, en dat dit die gevolg het dat ons nie altyd betekenisvol by verontregtes en teen verontregting staan nie.
- Ons verbind onself tot 'n dieper bewustheid van die onreg wat rondom ons geskied.
- Ons verbind onself tot 'n dieper sensitiwiteit vir die nood van ander.
- Ons stel ons egter ook daarop in om die tekens van reg en geregtigheid wat daar reeds is in dankbaarheid te erken en te bevorder, en saam daarvoor bly te wees.
- Ons verbind onself om by God te staan waar Hy by verontregtes en teen ongeregtigheid staan.
- Ons verbind ons aan die belydenis dat ons aan God alleen behoort en dat ons lojaliteit aan die belydenis in die eerste plek nie in die politieke of ekonomiese kringe lê nie.

5. Ons bid saam vir ...

- Ons bid vir die nood in die wêreld en dat God se koninkryk van reg en geregtigheid nou reeds meer sigbaar sal raak.
- Ons bid vir die vernuwning van ons politieke en ekonomiese bestel sodat almal God se versorging ook daardeur sal beleef.
- Ons bid vir die behoud van die geloof van diegene van deur onreg en verdrukking uitgedaag word.
- Ons bid vir groter gehoorsaamheid, gewilligheid en vreesloosheid vir die kerk om 'n tasbare verskil in hierdie wêreld te maak en dit te help omskep in 'n ruimte van groter gelykheid en geregtigheid, al sou ons teen die magte en owerhede van hierdie wêreld moet opstaan.

Dag 6: Gestuur as getuies van die waarheid van die Evangelie

Matteus 28:19–20; Handeling 1:8; 13:26

1. Ons glo ...

Die roeping van die kerk as getuies van die waarheid van die evangelie – die goeie nuus in Christus – word deurgaans in die belydenisskrifte benadruk. Ons glo dat die boodskap van verlossing en vermaning aan die kerk van die Here Jesus toevertrou is en dat die kerk geroep is om hierdie boodskap in gehoorsaamheid te verkondig, deur woord, sakrament en daad.

[HK – Vraag 54 en Vraag 69, 75, 77; DL – Hoofstuk 1, punt 14, Hoofstuk 2, punt 5, Hoofstukke 3&4, punt 17; NG – Artikel 30 en 36; BB – Artikel 4]

2. Ons verstaan ...

Die Goeie Nuus van verlossing in Jesus Christus het God nie net aan die kerk bekend gemaak nie, maar dit ook aan die kerk toevertrou (Handelinge 13:26) as die skat wat met die wêreld gedeel moet word. Die inhoud en kern hiervan is dat Christus vir ons aan die kruis gesterf het en dat elkeen wat hierdie waarheid glo en Christus aanneem, gered sal word. Hoewel hierdie 'n vrye genadegawe van God is, moet elkeen dit steeds aanvaar en glo in die kruisdood en opstanding van Jesus Christus. Ons het vroeër juis geleer dat hierdie redding in Christus Jesus die kern van ons identiteit is, maar dis ook die kern van ons roeping. Om dan dankbaar in reaksie op hierdie verlossing te leef, word ons grootste roeping. Hierdeur groei die liggaam tot groter volwassenheid en kan ander tot nuwe insigte en redding gelei word. Om aan hierdie waarheid van die verlossing vas te hou bewaar ons teen die aanslae van valse leringe en hou ons op vaste grond in ons lewens.

Voor Jesus se hemelvaart, net voor die totstandkoming van die Nuwe-Testamentiese kerk, gee Hy die opdrag aan sy kinders om getuies te wees van hierdie Goeie Nuus. In Matteus 28:20, asook in Handeling 1:8, gee Hy die versekering dat Hy tot in ewigheid hierin met ons sal wees. Trouens, deur sy Gees is Hy nie net met ons in die uitvoering van hierdie opdrag nie, maar gee Hy ons ook die krag daartoe. Hierdie boodskap van verlossing is beslis nie bedoel net vir ons eie gewin nie, maar moet oor die hele, wye aarde verkondig word.

Enige lering wat nie die vrye, onverdiende redding uit genade verkondig nie, is teenstrydig met wat ons bely en verkondig. Die kerk word juis daarom geroep om die kinders van God te leer in die waarheid van die evangelie, sodat hierdie waarheid dwaling kan bestry. Ook dien dit tot die groei van die liggaam tot groter volwassenheid en standvastigheid.

Die volle omvang van die verlossing wat ons verkondig, kry gestalte in ons eenheid, versoening, gemeenskaplikheid en verbondenheid, diensbaarheid aan mekaar en aan God, en in die uitleef van die bediening van geregtigheid. Ons verkondig dit wanneer ons as kinders van die verbond die doop ontvang of bedien en aan die tafel van die Here kom sit. Ons word daartoe bemagtig deur die Gees en Woord.

3. Ons roeping, hier en nou ...

Om die waarheid van verlossing te verkondig beteken dat ons eers self hierdie boodskap moet glo en verstaan in die mate wat God dit bedoel het. Daarom moet die gemeenskap van gelowiges hulle gedurigdeur verdiep in die Woord van God. Hoe kan ons van iets getuig wat ons self nog nie beleef het nie en waarvan ons die inhoud nie ken en verstaan nie? Sonder hierdie opbou van die liggaam deur die biddende bestudering van God se Woord bly ons maar 'n onvolwasse spul wat deur elke wind en golf heen en weer gegooi word. Daarsonder sal ons nooit werklik ons identiteit en roeping kan begryp en aanneem nie.

Hierdie volwassenheid en groei in die Woord is ook nodig vir ons om dwaling te kan bestry en self ook van dwaling bevry te word. In 'n wêreld met soveel dwalinge en geestelike godjies is behoud dan juis in die groei van die liggaam deur die kennis en verkondiging van die waarheid wat God aan ons geskenk het.

As gemeenskap van gelowiges wat deur die liefdevolle genade van God saamgevoeg is en deur Hom beskerm word, word ons juis geroep as getuies van hierdie genade en liefde in 'n liefdelose wêreld vol halwe waarhede en leuens. Ons word geroep om die waarheid te

spreek in liefde, en tog ook onverskrokke daarin te wees wanneer die eer van God op die spel is. Ons word geroep om in hierdie waarheid so te leef dat ons daade van liefde, diens, nederigheid, vrede, versoening en geregtigheid God eer, terwyl dit terselfdertyd die nuwe realiteit aan ander verkondig sodat hulle self ook die begeerte sal hê om God te ken. Ons getuïenis hier en nou, moet so geloofwaardig wees dat die wêreld in Christus sal glo, dat hulle die lewende Christus in ons sal sien. Ja, deur ons getuïenis moet die wêreld sien dat die kerk anders is, want ons behoort aan die "Gans Andere".

4. Ons belof ...

- In reaksie op ons redding en in antwoord op ons roeping as getuies van die waarheid van die evangelie belof ons om opnuut erns te maak met God se Woord.
- Ons belof om opnuut toe te laat dat die Woord en Gees ons vernuwe.
- Ons belof om saam die Woord so te bestudeer en te leef dat die liggaam van Christus tot groter volwassenheid sal groei en 'n geloofwaardige getuie van die verlossing sal wees.

5. Ons bid saam ...

- Ons dank God vir sy Woord en sakramente, vir die boodskap van verlossing wat ons as geskenk en roeping ontvang het.
- Ons bid vir dieper insig in die Woord.
- Ons vertrou God om ons te onderrig in sy Woord en tot groter volwassenheid te laat groei.
- Ons bid vir groter toewyding en gehoorsaamheid in ons roeping as verkondigers van die boodskap van verlossing.
- Ons vra God om sy wil aan ons bekend te maak in soverre dit ons roeping as getuies vir ons omgewing, hier en nou, raak.

Biografie - Dawid Mouton



Gesin: 22 Jaar getroud (met Saretta)
2 Kinders (Aurelia en Joshua), onderskeidelik 2de jaar LL.B. by Stellenbosch en Graad 10 ook in Stellenbosch

Huidige Posisie: Voltydse leraar, VGKSA Krönlein, Keetmanshoop
Deeltydse Dosent: Universiteit van Namibië

Vorige Posisies: Dosent - Universiteit van die Vrystaat
Mede-leraar - VGKSA Heatherdale, Bloemfontein
Omgewings navorsing -en Bestuur: Marine Research Institute in Namibië, Mynbou

Kwalifikasies: M.Sc. - Oseanografie
M.Th. - Praktiese Teologie - Kliniese Pastorale Sorg
Doktorale Student: Praktiese Teologie

Passies in die bediening:

1. Prediking
2. Opleiding
3. Gemeenskapsgerigte bediening, met 'n klem op die bevestiging en herstel van menswaardigheid. Vir die afgelope 4 jaar bedryf ons die volgende projekte onder die breë konsep van *Dignified Living*:
 - Buckets of Hope - Gemeentelede versamel maandeliks droë kos, genoeg om enige iets van 5 - 10 gesinne vir die grootste deel van die maand te help.
 - Scholar Feeding Project - Verskaf daaglik, tydens skooltermyne, een maaltyd aan 'n gemiddelde van 200 kinders. Getalle kan op sommige dae tot 300 styg.
 - Dignity for Girls - Verskaf op gereelde basis sanitêre produkte aan skoolgaande dogters. Die projek poog ook om waardevolle inligting oor selfsorg en waardigheid aan die dogters deur te gee.
 - Gemeenskap trauma ondersteuning - Bied trauma berading, in samewerking met 'n afgetrede maatskaplike werker, aan persone in die gemeenskap wat andersins nie kan bekostig om vir professionele hulp te gaan nie.
4. Sal graag wil begin skryf in die hoop om teologie meer toeganklik te maak vir almal wat nie formele teologiese opleiding ontvang het nie.